# EUCHARISTIESE GEBED I
## VIR VERSOENING

Die Eucharistiese Gebede vir Versoening mag by Misse gebruik word waar die geheimenis van versoening op 'n spesiale manier aan die gelowiges oorgedra word, byvoorbeeld, by Misse vir die Bevordering van Harmonie, vir Versoening, vir Geregtigheid en Vrede, in tye van Oorlog of Burgerlike Onrus, vir die Vergewing van Sondes, vir Liefdadigheid, of die Geheimenis van die Heilige Kruis, van die Allerheiligste Eucharistie, van die Kosbare Bloed van Onse Here Jesus Christus, asook by Misse gedurende die Vastyd.

Hoewel hierdie Eucharistiese Gebede van eie Prefasies voorsien is, kan hulle met ander Prefasies gebruik word wat na boetedoening en bekering verwys, soos byvoorbeeld die Prefasies van die Vastyd.

℣ Mag die Here met u wees.
℟ En met u gees.

℣ Verhef u harte.
℟ Ons verhef hulle tot die Here.

℣ Laat ons die Here ons God dank. 1
℟ Dit is paslik en reg.

Nou volg die Prefasie.

S Die Selebrant alleen.

Dit is waarlik paslik en reg,
dat ons U altyd sal dank,
Here, Heilige Vader,
Almagtige en Ewige God.

U hou nooit op om ons tot lewe
in oorvloed aan te spoor nie,
en, omdat U ryk is aan barmhartigheid,
is U altyd bereid om te vergewe,
en roep U sondaars op om slegs
op u vergifnis te vertrou.

Nooit het U van ons af weggedraai nie,
en, hoewel ons keer op keer u verbond verbreek het,
het U die mensekinders so stewig aan Uself verbind,
deur Jesus, u Seun, ons Verlosser,
met 'n nuwe, onlosmaaklike liefdesband.



Die ©AMPTELIKE VERTALING 2013. soos goedgekeur deur die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe Konferensie, voorberei deur die Afrikaanse Taal Pastorale Streek van dieselfde Konferensie.

Selfs nou skenk U aan u volk
‘n tyd van genade en versoening,
en, terwyl hulle in die gees na U terugkeer,
gee U hulle hoop in Christus Jesus, en,
‘n begeerte om almal diensbaar te wees,
soos hulle hulself meer volkome
aan die Heilige Gees toevertrou.

En dus vol verwondering,
verheerlik ons u liefdesmag,
en, verheug ons onsself
oor die heil wat van U afkomstig is,
en sluit ons aan by die hemelse lofsang
van die ontelbare leërskare,
terwyl ons sonder ophou uitroep:

Heilig, heilig, heilige Here,
God van die leërskare.
Die hemel en aarde is vol van u glorie.
Hosanna in die hoogste.
Geseënd is Hy wat kom in die naam van die Here.
Hosanna in die hoogste.

S Die Selebrant alleen.

Met hande uitgestrek, sê die Selebrant: 2

Waarlik Heilig is U, o Heer,
en vanaf die begin van die wêreld
is U onophoudelik aan die werk,
om, soos U heilig is, die mens heilig te laat word.

Hy bring sy hande bymekaar, strek hulle oor die offergawes uit en sê:

AS Die Selebrant met alle mede-selebrante.

Aanskou, bid ons, u volk se offergawes
en stort daarop die krag van u Gees uit,

Hy bring sy hande bymekaar, en maak die Kruisteken eenkeer oor beide die brood en die kelk, terwyl hy bid:

dat dit die Liggaam en ✠ Bloed
van onse Here Jesus Christus mag word,

Hy bring sy hande bymekaar.

van u geliefde Seun, Jesus Christus, mag word,
in Wie ook ons, u seuns en dogters is.

Al was ons eens verlore
en nie in staat om U te nader nie,
het U ons met die grootste liefde bemin;

Die ©AMPTELIKE VERTALING 2013. soos goedgekeur deur die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe Konferensie, voorberei deur die Afrikaanse Taal Pastorale Streek van dieselfde Konferensie.

want u Seun, die enigste Regverdige,
het Homself aan die dood oorgelewer,
en het dit nie versmaai om vir ons onthalwe
aan die Kruishout vasgespyker te word nie.

Alvorens sy arms tussen hemel en aarde uitgestrek is,
om die blywende teken van u verbond te word,
het Hy begeer om die Pasga met sy dissipels te vier,

In die voorgeskrewe formulier wat volg, moet die woorde van die Here **duidelik** en **helder** uitgespreek word, soos wat die aard van hierdie woorde dit vereis.

Terwyl Hy met hulle aan tafel was,

Hy neem die brood, hef dit effens op en sê:

het Hy brood geneem en U gedank,
dit geseën, gebreek, en aan hulle gegee en gesê:

Hy buig effens:

**NEEM EN EET ALMAL HIERVAN,**

**WANT DIT IS MY LIGGAAM,**

**WAT VIR JULLE OORGELEWER SAL WORD.**

3

Hy toon die gewyde hostie aan die gemeente, plaas dit op die pateen en maak aanbiddend 'n kniebuiging.

Dan vervolg hy:

Net so het Hy ná die maaltyd,
met die wete dat Hy alles in Homself sou versoen
deur sy Bloed wat aan die Kruis gestort sou word,

Hy neem die kelk, hef dit effens bo die altaar op en vervolg:

die kelk, gevul met die vrug van die wynstok geneem,
en, U weereens gedank, en dit aan sy dissipels gegee en gesê:

Hy buig effens:

**NEEM EN DRINK ALMAL HIERUIT,**

**WANT DIT IS DIE KELK VAN MY BLOED,**

**DIE BLOED VAN DIE NUWE EN EWIGE VERBOND,**

**WAT VIR JULLE EN VIR MENIGE UITGESTORT SAL WORD**

**TOT VERGIFNIS VAN SONDES.**

**DOEN DIT TOT MY GEDAGTENIS.**

Die ©AMPTELIKE VERTALING 2013. soos goedgekeur deur die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe Konferensie, voorberei deur die Afrikaanse Taal Pastorale Streek van dieselfde Konferensie.

Hy toon die kelk aan die gemeente, plaas dit op die korporaal en maak aanbiddend 'n kniebuiging.

**S** Die Selebrant alleen.

Dan sê hy:

Die geheimenis van die geloof.

Waarop die gemeente uitroep:

Ons verkondig u Dood, o Here,
ons bely u Opstanding
totdat U weer kom.

Of:

As ons hierdie Brood eet
en uit hierdie Beker drink,
verkondig ons u Dood, o Heer,
totdat U weer kom.

Of:

Redder van die wêreld red ons,
want deur u Kruis en Opstanding
het U ons vrygemaak.

**AS** Met hande uitgestrek, bid die Selebrant met alle mede-selebrante: 4

Soos ons dus u Seun, Jesus Christus, gedenk,
Hy wat ons Pasga en seker vrede is,
vier ons sy Dood en Opstanding uit die dood,
en sien ons uit na sy salige Koms en bied ons U,
ons troue en barmhartige God, hierdie Slagoffer,
Hy deur Wie die mens met U versoen word.

Aanskou goedgunstiglik, allerbarmhartige Vader,
diegene wat U deur dié Offerande
van u Seun met Uself verenig het,
en gee dat hulle deur die krag van die Heilige Gees,
soos hulle deel in hierdie een Brood en een Kelk,
byeengebring mag word in die een Liggaam van Christus,
Hy wat elke verdeeldheid genees.

**S/MS** Die Selebrant of 'n mede-selebrant.

Laat dit u behaag,
om ons altyd een van hart en denke,
saam met N., ons Pous
en N., ons Biskop, te hou.
Help ons om saam te werk
vir die koms van u Koninkryk
tot op daardie uur waarop ons voor U staan,

Die ©AMPTELIKE VERTALING 2013. soos goedgekeur deur die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe Konferensie, voorberei deur die Afrikaanse Taal Pastorale Streek van dieselfde Konferensie.

Heiliges onder die Heiliges in die hemelse howe,
saam met die Geseënde Maagd Maria, Moeder van God,
die salige Apostels en al die Heiliges,
en met ons oorlede broers en susters,
wat ons nederig aan u barmhartigheid opdra.

Dan, ten einde laaste,
bevry van die verdorwenheid,
en volnuut herskep,
sal ons U met die blye danklied

Hy bring sy hande bymekaar:

van Christus toesing,
Hy wat leef tot in alle ewigheid.

**AS** Die Selebrant alleen of met alle mede-selebrante.

Hy neem die kelk en pateen met die hostie daarop en terwyl hy dit omhoog hou, sê hy:

Deur Hom, en met Hom en in Hom,
ontvang U God almagtige Vader,
in die eenheid van die Heilige Gees,
alle eer en heerlikheid tot in alle ewigheid.

Die gemeente antwoord.

Amen.

Hierop volg die Kommunie-Rite.



Die ©AMPTELIKE VERTALING 2013. soos goedgekeur deur die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe Konferensie, voorberei deur die Afrikaanse Taal Pastorale Streek van dieselfde Konferensie.